SUID-AFRIKAANSE ONDERWYSERSUNIE
SOUTH AFRICAN TEACHERS' UNION
Limpopo

SAOU

Nuus-in-die-Branding

☎ 012 436 0900 / 086 072 6843 086 670 3795 saoulim@saou.co.za www.saou.co.za

23 Junie 2015

NUUS IN DIE BRANDING 16 / 2015

GROET EN SEëNWENSE
GREETINGS AND BLESSINGS

Die SAOU (Limpopo) groet Mnr Gerard de Beer van Generaal Piet Joubert Skool wat aan die einde van 'n lang en suksesvolle loopbaan die tuig neerlê. Gerard het ook vir jare getroue en waardevolle diens aan die destydse TO en huidig die SAOU gelewer as deel van die Provinsiale Uitvoerende Raad. Gerard, ons was bevoorreg om jou op die SAOU (Limpopo) span te hê en jou kundigheid oor vakbond-, sowel as onderwyssake gaan moeilik vervang word. Mag elke nuwe lewensjaar jou begroet met volkome vrede en lewenslus vir alles wat jy nog gaan aanpak. Ons groet jou, maar weet jy sal jou kennis nog vrylik met ons deel. Baie dankie vir wat jy vir die SAOU (Limpopo) en talle lede beteken het.

The SAOU (Limpopo) has to say goodbye to Mr Gerard de Beer of General Piet Joubert School. Mr de Beer is retiring after a long and successful career. Gerard has also shared his valuable knowledge and expertise to the previous TO and currently the SAOU while serving on the Provincial Executive Committee. Gerard, we were indeed privileged to have you on our SAOU team in Limpopo and to have received your inputs on union, as well as educational matters. It will certainly be hard to replace. May every new year greet you with complete peace and vitality for everything you approach. We greet you, but know that you will gladly still share your knowledge with us. Thank you for everything you did for the SAOU (Limpopo) and for so many members.

SALARISAANPASSINGS EN TERUGBETALINGS
SALARY ADMUSTMENTS AND BACK PAYMENTS

Departementele opvoeders en Staatsdienswerknemers het op Maandag 15 Junie 2015 'n terugbetaling ontvang wat die verskil verteenwoordig tussen hulle salarisskaal soos op 31 Maart 2015 en die 6.4% verhoging wat die Staat eensydig geïmplimenteer het vanaf 1 April 2015. Die terugbetaling was dus vir April en Mei 2015, en die aangepaste skaal sal dus aan die einde van Junie 2015 op die salarisstrokies verskyn. Die terugbetaling sluit NIE die aanpassings vir die mediese subsidie in nie.

Provinsiale Sekretaris/ Provincial Secretary: Wilma Henn – wilmah@saou.co.za - 083 407 5529
Voltydse Vakbond Verteenwoordiger/ Fulltime Shop Steward: Antoon Coetzee – vvvlim@saou.co.za - 083 301 4349
Provinsiale Admin Assistent/ Provincial Admin Assistant: Ohnie Ferreira – ohnief@saou.co.za - ☎012-436 0905

Soos berig in die Nasionale Nuusbrief 28/2015 duur die dispuut oor die addissionele 0.6% aanpassing nog voort. Indien die vakbonde se dispuut 'n positiewe uitkoms het, sal die uitstaande 0.6% geïmplimenteer word, ook terugwerkend na 1 April 2015.

Die aanpassing van die behuisingstoelaag sal steeds in werking tree op 1 Julie 2015, soos uiteengesit in Nasionale Nuusbrief 23 /2015.

Departmental educators and public Service employees received a back payment on Monday 15 June 2015 equaling the difference between their 31 March 2015 salary notch and the 6.4% adjustment that was unilaterally implemented by the State from 1 April 2015. The back payment was therefor for April and May 2015, and the adjusted salary notch will be paid from the end of June 2015 on the normal salary run. This back payment DOES NOT include the adjustments made to the medical subsidy.

As was reported in National Newsletter 28/2015, the dispute regarding the additional 0.6% which was not implemented, still continues. If the unions' dispute delivers a favorable outcome, the additional 0.6% will be implemented, also backdated to 1 April 2015.

The adjustment of the housing allowance will still be implemented from 1 July 2015, as explained in National Newsletter 23/2015.

VAKATURELYSTE
VACANCY LISTS

Na die laaste vergadering wat die SAOU (Limpopo) met mev Broderick van die Departement van Onderwys: Limpopo gehad het, is aangedui dat daar wel in 2015 nog twee vakaturelyste gaan verskyn. Die eerste sal 'n Oop Vakaturelys wees vir hoofposte in die provinsie en die tweede sal 'n Promosie Vakaturelys wees, met ander woorde vir alle vakante posvlak 2 en 3 poste. Aanduidings is dat dit 'n Geslote Vakaturelys sal wees. Die SAOU (Limpopo) is genoodsaak om skole en betrokke partye daarop te wys dat die Gelyke Indiensnemingsplan van die LDvO bepaal dat daar ten minste 3 dames op die lys van kandidate vir onderhoude moet wees, anders sal die Departement nie die proses aanvaar nie.

After the last meeting between the SAOU (Limpopo) and Mrs Broderick of the Department of Education: Limpopo, we were told that there will be two more vacancy lists this year. The first one will be for Principals' Posts and that will be an Open Vacancy list. The second will be for all other Promotional Posts, i.e. post level 2 and 3, and it seems that that one will be a Closed Vacancy list. The SAOU (Limpopo) is bound to inform our schools that according to the Equal Employment plan of the LDoE, there must be at least 3 ladies on the list of candidates for interviews, otherwise the Department will not accept the process.

SAOU (LIMPOPO) KANTOOR
SAOU (LIMPOPO) OFFICE

Dit is vir ons aangenaam om die lede mee te deel dat die SAOU (Limpopo) nou 'n bemande kantoor het in Pietersburg (Polokwane). Die kantoor is gesetel op die perseel van Pietersburg Hoërskool en sal deur die Voltydse Vakbond Verteenwoordiger, Mnr Antoon Coetzee, beman word. Kantoorure sal daagliks wees vanaf 7:30 in die oggend tot 16:00 in die namiddag. Antoon kan direk geskakel word by 015 297 3201 uitbreiding 2102. Ons wil lede graag aanmoedig om gebruik te maak van die geleentheid om persoonlik kontak te maak rakende salaris en verwante kwessies. Lede moet net daarop let dat dit belangrik is dat hulle afsprake maak met Antoon om sodoende te verseker dat hy beskikbaar is en nie uit op die pad is nie.

The SAOU (Limpopo) delights in announcing that we have secured an office in Pietersburg (Polokwane). The office is settled on the premises of Pietersburg High School and will be manned by the Full time Shop Steward, Mr Antoon Coetzee. Office hours are between 7:30 in the morning and 16:00 in the afternoon. Members can call Antoon directly on 015 297 3201 extention 2102. We want to encourage members to make use of this opportunity to personally contact us regarding their salary and other related matters. Please note that it is important that members make an appointment with Antoon to ensure that he is available and not out somewhere on the road.

SIMPATIE EN MEELEWING
SYMPATHY AND COMPASSION

Die SAOU (Limpopo) het met leedwese kennis geneem van drie ledeskole wat diep getref is deur die afsterwe van leerders. Die personeel en leerders van HTS Tom Naudé in Pietersburg (Polokwane), Laerskool Messina en Hans Strijdom Hoërskool in Naboomspruit (Mookgophong) is in die afgelope week in rou gedompel na die dood van 'n leerder by elk van die skole. Ons wens die personeel, ouers en leerders van die betrokke skole die bystand van die Hemelse Vader toe en glo dat daar ook berusting sal kom vir die wat geraak is deur die afsterwe van die drie leerders.

Ons doen ook hiermee 'n beroep op alle lede om die kantoor van die SAOU (Limpopo) in kennis te stel van alle lief en leed wat deur lede ondervind word.

The SAOU (Limpopo) noted with regret that three of our member schools were deeply saddened by the death of learners. The staff and learners of HTS Tom Naudé in Pietersburg (Polokwane), Messina Primary School and Hans Strijdom in Naboomspruit (Mookgophong) are in mourning after the death of a learner at each of these schools. We believe that the Heavenly Father will strengthen the staff, parents and learners of these schools to find resignation in their grief.

We also want to invite all members to inform the office of SAOU (Limpopo) of any sad or good news affecting our members.

VIR KENNISNAME
FOR ATTENTION

Lede is bewus van die aanstelling van die nuwe LUR vir Onderwys in Limpopo, Mnr Ishmael Kgetjepe, op 27 Mei 2015. Die SAOU (Limpopo) poog om vroeg in die derde termyn 'n vergadering met hom te belê om sodoende 'n samewerkingsverhouding met hom op te bou.

Lede moet ook kennis neem dat na aanleiding van baie besoeke en gesprekke tussen SAOU hoofde en personeel met die verskillende distrikte in die Onderwysdepartement, is die betaling van koshuistoelae vir 2015 nou op dreef en aanduidings is dat dit maandeliks sal geskied. Baie dankie aan elke lid en hoof wat sonder ophou hierdie saak gedryf het. Lede word verseker dat baie steeds gedoen word om alle uitstaande koshuisgelde aan lede terugbetaal te kry. Ons sal nie ons lede faal nie.

Members are surely aware that the Department of Education: Limpopo has appointed a new MEC, Mr Ishmael Kgetjepe, on 27 May 2015. The SAOU (Limpopo) endeavors to secure a meeting with him early into the third term so that we can establish a good working relationship with him.

Members must also take note that following many visits and meetings between SAOU principals and other members with officials from the different districts in the Education department, the payment of hostel allowances for 2015 is on track and indications are that it will be paid monthly from now on. Thank you to all members and principals who unceasingly drove this matter. Members are ensured that much is still done and will continue being done for those members who are still owed previous years' hostel allowances.

VAKANSIE WENSE
HOLIDAY WISHES

Die SAOU (Limpopo) wil al ons lede 'n rustige en veilige middel-van-die-jaar vakansie toewens. Mag almal goed uitrus en met hernude krag en drif terugkeer na sy/haar skool/instansie vir die laaste helfte van 2015!

The SAOU (Limpopo) wishes all members a relaxed and safe mid-year holiday. May you all return with renewed strength and passion to your schools for the last half of 2015!

Provinsiale Sekretaris/ Provincial Secretary: Wilma Henn – wilmah@saou.co.za - 083 407 5529
Voltydse Vakbond Verteenwoordiger/ Fulltime Shop Steward: Antoon Coetzee – vvvlim@saou.co.za - 083 301 4349
Provinsiale Admin Assistent/ Provincial Admin Assistant: Ohnie Ferreira – ohnief@saou.co.za - ☎012-436 0905